Tema: Die agtste vrug van die Gees: aanvaar met ‘n sagmoedige hart God se wil in jou lewe en lei ander met sagmoedige woorde om dit ook te doen.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 464: 1,3
Ps. 147 - 1:1,2

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied Ps. 131-1: 1,2,3
Votum
Seën
Loflied Ps. 34-1: 1,3,7 (Tweede mel);
Geloofsbelydenis: Sing Sb 12-3: 1,2.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Matteus 5: 3 – 12
Sing Ps. 37 - 1: 1,5,7 (Mel van Ps. 45)
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Jesaja 42: 1 - 4
Matteus 11: 25 - 30
2 Kor. 10: 1 - 6
Fokusverse: Galasiërs 5: 23 en 6: 1
Sing: Sb 17 - 2: 1,2,7,8 (Kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Liefdegawes by die deure
Sing Sb 11 - 3: 1,3
Seën
Amenlied Sb 13-1

Ons leef in 'n wêreld waar mense dink dat die een wat die hardste skree, die meeste impak maak! Hoe harder ek skree, hoe meer arrogant of selfvoldaan ek oorkom, hoe meer sal die mense na my luister! Ons sien dit by ons politici op politieke byeenkomste of wanneer hulle op die TV praat. Ons sien en hoor dit op sosiale media in die manier waarop mens met mekaar omgaan en mekaar met woorde verniel. Ons sien dit wanneer mense in die openbaar protes aanteken oor dinge waaroor hulle ongelukkig is. Saam met die harde woorde en geskreeu moet daar ook geweld gebruik word om myself te handhaaf en die ander party te intimideer!

Met harde woorde word mense wat anders as ek glo, dink of optree, dikwels veroordeel, verag, verkleineer of beswadder! Met arrogansie en selfvoldaanheid handhaaf ek myself teenoor ander en in die proses trap ek op hulle.

Hierdie manier van optrede gebeur ook soms tussen gelowiges. Ons het gelees van die harde woorde en optrede waarvan die lidmate van Korinte vir Paulus van beskuldig geval het. Hier in ons Gal. 5: 15 waarsku Paulus die lidmate dat hulle mekaar byt en verskeur en hulle moet oppas dat hulle mekaar nie later verslind nie! Op ons eie kerklike vergaderings word daar ook deesdae op mekaar geskree om mekaar van ons standpunte te oortuig!

Dalk gebeur dit selfs in ons huise. Wanneer man en vrou van mekaar verskil en oor sake redeneer, dan domineer die een die ander een deur hard te praat of selfs te skree. Wanneer ouers en kinders van mekaar verskil dan skree ons op mekaar! Ek moet myself handhaaf met harde woorde en afbrekende argumente!

Hierteenoor, br en sr, wil die Here deur sy Gees so in ons werk, dat ons anders as die mense van die wêreld optree! Ons leer vanmore met die agtste vrug van die Gees die volgende van ons Vader: Aanvaar met 'n sagmoedige hart God se wil in jou lewe en lei ander met sagmoedige woorde om dit ook te doen.

Om "sagmoedigheid" as vrug van die Gees te verstaan, gaan ons kyk na:
1. Hoe God in Christus teenoor ons optree
2. Hoe ons as gelowiges teenoor mekaar optree
3. Hoe ons as gelowiges teenoor ongelowiges optree

In die eerste plek: God kom praat met ons op 'n heel ander wyse as wat ons rondom ons sien en hoor! Ons wat vanweë ons sondige natuur sou verdien om op geskree te word en met harde woorde tot die hel veroordeel en verdelg te word! Maar God bring sy boodskap van redding in Christus op sagmoedige wyse sodat Hy ons kom oortuig! Hy kom dwing Hom net met harde optrede en harde woorde op ons af nie!

Ons het dit gelees waar God deur Jesaja profeteer van die wyse waarop Christus sal kom optree: "Hy sal nie roep nie, hy sal nie hard skree nie, hy sal nie sy stem op straat laat hoor nie." Sagaria bevestig dit in sy profesie as hy uitroep in Sag 9:9 " Jubel, Sion!

Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is ’n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op ’n donkie, op die hingsvul van ’n donkie.”

So kom God in Christus na ons toe om sy wil aan ons op ’n sagmoedige wyse bekend te maak! Christus het hierdie sagmoedige wyse van praat met sondaars menige kere aan ons gedemonstreer! In Lukas 7 eet Jesus aan huis van ’n Fariseër en tydens die ete kom daar ’n sondige vrou in wat sy voete kom salf. Die Fariseër veroordeel haar dadelik maar Jesus sê vir haar: Jou sondes is vergewe. Jou geloof het jou gered, gaan in vrede.

In Joh. 8 bring die Skrifgeleerdes en Fariseërs ’n vrou wat met owerspel betrap is en wil haar onmiddellik stenig! Jesus konfronteer haar en die Fariseërs op sagte wyse en bring hulle tot beskaming en vir die vrou sê Hy: Gaan, maar moet van nou af nie meer sondig nie! Dis hoe God met sondaar mense praat!

Op dieselfde wyse praat Jesus ook met ons en nooi ons uit om te deel aan sy verlossing met sy woorde in Matteus 11: (Wys skyfie 1)

25 Daardie tyd het Jesus gesê: “Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het. 26 Ja, Vader, so was dit u genadige bedoeling. 27“ My Vader het alles aan My toevertrou, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; en ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak.

28 “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. 29 Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. 30 My juk is sag en my las is lig.”
Dit is hoe God in Christus sy wil aan ons bekend maak en ons oproep om in Hom te glo!

Sagmoedigheid dui op ’n innerlike ingesteldheid waarmee ek my maklik skik onder iemand anders. Dat ek nie veg, arrogant en selfvoldaan myself wil handhaaf nie. Dat ek nie ander verkleineer, veroordeel of verag nie of myself beter as hulle ag nie! Nee, ek neem mense in ag, ek skik my onder hulle en ag ander hoër as myself! Daarom tree ek anders teenoor hulle op! Sagmoedigheid dui op ’n gedissiplineerde optrede voor God en teenoor mens – dit is wat hierdie aspek wat die Heilige Gees in ons wil werk! Ons lees in Sag 4: 6 : nie deur krag en geweld nie, maar deur My Gees” So oortuig God!

En met hierdie vrug van die Gees kom Christus om God se wil aan ons bekend te maak! Maar Jesus doen nog meer: Hy demonstreer dit ook deur in sagmoedige gehoorsaamheid aan sy Vader, sy lewe vir ons af te lê sodat ons die harde oordeel en verdoeming van God kan vryspring! God wat reg gehad het om ons op harde en wrede wyse te moes kom oordeel – kom giet daardie oordeel oor Christus uit.

Christus verduur die geskreeu en gespot en verkleinering van die Jode en van die soldate tydens sy verhoor en kruisiging en hy verduur dit met sagmoedigheid! Terwyl hulle Hom spot en Hom aan die kruis vasspyker dan bid Jesus vir daardie soldate: Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie! En wanneer Hy klaar gely

het en die straf betaal het dan roep Hy – dit is volbring! Vader in U hande gee Ek my gees oor! Ek het alles gewillig volbring!

Br en sr en liewe kinders, op grond van hierdie offer van ons Here, kan ek en jy in 'n vreedsame verhouding met God as ons Vader leef! 'n Verhouding waarin ons weet dat God vir ons net die beste wil. Ons weet ons het 'n Herder wat ons met sagte hand lei! Wat ook al in ons lewe gebeur, ons aanvaar dit en ons wil met sagmoedigheid aan ons Vader se wil onderwerp! So roep Jakobus ons in Jakobus 1 v 21 dat ons die Woord van God met 'n sagmoedige hart moet aanneem, want God red ons! Al verstaan ons nie altyd God se wil in ons lewe nie!

Al beteken daardie wil van God dat ek soms swaarkry en seerkry – ek weet God bedoel dit vir my ten beste en daarom onderwerp ek my met sagmoedigheid daaraan. Ek bly veg en myself handhaaf nie, ek word nie kwaad en baklei met God nie – nee, ek gee myself ootmoedig oor. Soos Jesus volbring ek God se wil in my lewe!

Sagmoedigheid as vrug van die Gees, geliefdes, het egter ook 'n tweede uitwerking in my lewe. Dit verander die manier waarop ek teenoor medegelowiges optree!

Paulus koppel hierdie vrug van die Gees in Gal 5: 23 onmiddellik in Galasiërs 6: 1 aan die wyse waarop ons as gelowiges met mekaar moet praat as ons mekaar tereg moet wys of wanneer ons van mekaar verskil. Net soos God nie op ons kom skreeu het nie maar in Christus sagmoedig kom optree het, net so moet ons ook teenoor mekaar optree.

Al weet ek op grond van die Woord dat ek is reg en die ander persoon verkeerd is, skree ek nie, baklei ek nie en word ek nie kwaad nie. Ek tree in die Gees gedissiplineerd op! Want dit gaan nie om myself te handhaaf of om te bewys dat ek reg is nie! Dit gaan om die Waarheid van God se Woord. Net soos God my in Christus sagmoedig onder sy wil gebring het, so moet ek my medegelowige met sagmoedige woorde ook ons God se wil bring!

Dit is waarvoor Paulus pleit by die Korinte. Hy wil nie veg en harde woorde gebruik nie, Hy wil sagmoedig soos Christus met hulle praat oor die waarheid van God se Woord. So moedig Paulus ook die lidmate in Filippi aan om mekaar die een hoër as die ander te ag en met dieselfde sagmoedige gesindheid van Christus mekaar te dien.

Daarom tree gelowiges anders as die mense van die wêreld op! Ons skree nie op mekaar nie! Ons hoef onsself nie teenoor mekaar te handhaaf nie! Ons moet almal saam buig voor die waarheid van God se Woord. Ons lees hiervan in Spr. 15: 1: "'n Sagte woord keer die woede af"!

Dis hoe ons mekaar reghelp as die een 'n fout maak of in sonde val. Ons skree nie en tree nie hard op teenoor mekaar nie! Arrogansie, selfvoldaanheid, harde woord en rowwe optrede, pas nie kinders van die Here nie! Nee, ons help mekaar met 'n gees van sagmoedigheid om God se wil te ken en saam buig ons daaronder! Ons lei as't ware die ander persoon om saam met ons voor God se wil te buig!

En geliefdes, in die derde plek verander hierdie vrug van die Gees ook hoe ons met en oor ongelowiges praat! 'n Mens skaam jou somtyds as jy hoor hoe gelowiges praat oor bv mense wat 'n sondige seksuele oriëntasie, soos homoseksualiteit of ander

sondige leefwyses openbaar. Hoe gelowiges hulle met harde woorde veroordeel, verkleineer of verag. Nee – dit pas nie!

Wanneer Paulus vir Timoteus hieroor leer dan sê hy vir hom in 2 Tim 2:24–25
(Wys skyfie 2)
" 'n Dienaar van die Here moenie rusie maak nie. Inteendeel, hy moet vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om ander te leer en iemand wat onreg kan dra. Met vriendelikheid moet hy teenstanders teregwys. Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring."

(Wys skyfie 3)
In 1 Petrus 3 leer die Here ons: Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie.
15 In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe. 16 Maar doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God. Sorg dat julle gewete skoon bly, sodat dié wat julle oor julle goeie lewenswandel in Christus belaster, daaroor skaam kan kry dat hulle kwaad van julle gepraat het."

Daarom, wanneer ons met of oor mense praat wat nie glo nie, of wat 'n sondige leefwyse handhaaf, praat ons nooit met kwade bedoelings nie, ons word nie kwaad nie, ons veroordeel nie en ons verkleineer nie! Ja, ons praat reguit en duidelik oor die waarheid van God se woord, maar ons praat die waarheid in liefde!

Ons kan en moet aanwys waar mense nie volgens die wil van God optree in hulle lewe nie – dis ons roeping – maar ons doen dit soos Jesus – met sagmoedigheid wat mense tot bekering kan oortuig!

Brs en srs, julle sal weet dat hierdie stem van gelowiges vandag stilgemaak word met die wêreld wat telkens sal reageer en sê: ons mag nie oordeel nie, elkeen het die reg om te glo en te doen soos hy wil. Dit is natuurlik 'n leuen van Satan! Ons as gelowiges kan en moet – in getrouheid teenoor ons Hemels Vader - aandui waar mense nie meer volgens God se woord optree nie! Dit is beoordeling! Ek beoordeel jou lewe, ek gee 'n opinie daaroor uit die Skrif en dit kan en mag en moet ons doen! Dit is wat elke Sondag hier gebeur! Prediking is ook beoordeling: lewe ek volgens God se wil?

Wat ons nie mag doen nie is om te veroordeel! Om iemand te veroordeel spreek jy 'n oordeel uit oor God se optrede oor en met daardie mens! Dit is die versoeking: ons wil sommer mense hel toe stuur omdat hulle optrede so verkeerd is!

Dit mag ons nie doen nie! Die Here leer ons in Rom. 12 dat net God die reg het om te veroordeel! Maar dat ons in liefde die waarheid moet praat met sagmoedigheid en nederigheid – dit is ons taak! So praat ons saam met God in hierdie wêreld !

Geliefdes, ons lewe in 'n raserige wêreld waar harde woorde, harde optrede en arrogansie mense beheers! Waar mense met geskree, met geweld en krag en selfverheerliking aan ander mense aan hulle wil onderwerp!

Brs en srs, hierteenoor werk die Gees van die Here hierdie sagmoedigheid, hierdie beskeidenheid en eerbied vir God in ons harte! Hy wil dat ons met hierdie gesindheid

ons aan ons Vader se wil in ons lewe onderwerp en hy wil dat ons so met mekaar praat. Dis hoe God ons Vader in Christus ons oortuig het! Dit is hoe Christus ons die voorbeeld kom stel het! En dit is hoe ons ander sal  oortuig om saam met ons voor God te buig

Amen.